

## **'n Tyd om te omhels, 'n tyd om weg te bly van omhelsing af,...**

Prediker 3:5b

Donderdag 4 Maart 2021

**1983 vert Pred 3:5a** “'n tyd om te omhels, 'n tyd om weg te bly van omhelsing af, ...”

**Bron:** Venter J. 2015 Die boek Prediker. Van alles tevergeefs tot 'n hoopvolle toekoms saam met Christus.p.85-89

Omhelsing is 'n baie intensie emosie wat gewoonlik dui op liefde of omgee of blydskap. As ons vandag dink aan omhelsing dan dink ons eerste aan 'n man en vrou wat mekaar omhels omdat hulle mekaar liefhet of omgee of bly is om mekaar te sien.

Ons lees in **Hooglied 8:3** “Sy linkerarm is onder my kop, sy regterarm **omhels** my!” Dit dui op 'n baie intieme liefdeshandeling tussen 'n man en sy vrou of sy meisie.

Maar ons lees in die Bybel die meeste kere van omhels deur pa's wat bly is om hulle seuns te sien. Ons lees van Laban wat Jakob omhels het, Esau sy broer Jakob, Josef vir Benjamin en ook sy pa Jakob. Die verlore seun se pa het hom omhels toe hy hom weer gesien het. Luk 15:20.

Gen 29:13 Toe hy hoor dat Jakob sy susterskind is, het hy na hom toe gehardloop, hom **omhels** en gesoen. Laban het hom na sy huis toe gevat, en toe vertel Jakob hom alles.

Gen 33:4 Esau het hom tegemoet gehardloop en hom **omhels** Esau het sy arms om Jakob se nek gesit en hom gesoen, en hulle het gehuil.

Gen 45:14 Toe **omhels** Josef sy broer Benjamin en hy huil; ook Benjamin het op sy broer se skouer gestaan en huil.

Gen 46:29 het Josef sy wa laat inspan om sy pa Israel in Gosen te gaan ontmoet. Toe Josef hom sien, het hy hom **omhels** en lank so gestaan en huil.

“Omhelsing sê iets van omgee vir mekaar, 'n behoefte om mekaar te beskerm en die ander een as deel van jou lewe te erken.” (*Venter. 2015:85*)

Ons lees nêrens dat Jesus Christus mense, fisies omhels het nie. Maar in geestelike sin het Hy mense omhels met sy liefde en sy omgee en sy begrip. Met woorde, werke, wondergenesings, liefdevolle woorde, wondertekens het Hy mense as 'n ware omhels (*op 'n geestelike wyse*) en fisies gewys hoeveel Hy vir hulle omgee en hulle liefhet.

Ons lees ook van die Vader wat op geestelike wyse sy skape teen sy bors dra in **Jes 40:11**: “Soos 'n **herder** versorg Hy **sy** kudde: die lammers maak Hy bymekaar in **sy** arms en Hy dra hulle **teen sy bors**, Hy sorg vir die lammerooie.”

Maar God se omhelsing is veel meer intiem en intens as 'n uiterlike omhelsing. Hy het ons wederbaar deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees woon in ons. Die Heilige Gees lei ons elke dag. Die Woord is die rigsnoer van ons lewe. Deur die Woord weet ons presies hoe lief God ons het en hoe Hy ons omhels het deur Jesus Christus in ons plek aan die kruis te laat betaal vir al ons sondes.

**'n Tyd om weg te bly van omhelsing af. Pred 3:5b**

Daar kom 'n tyd dat 'n mens weens bepaalde redes wil wegbly van omhelsing af. Dit is as die gesinheid en die verhouding versteur is. Maar die wegbly moet lei na versoening toe. Wanneer

bly jy weg van omhelsing af? Wanneer daar daadwerklike probleme is met Christus en ons christelike waardes. Om dit te verstaan lees ons **Efesiërs 5:3-7**

**3** “Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie. **4** Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle. **5** Dít moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is – want gierigheid is afgodery – het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie. **6** Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie, want daardeur kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is.

**7 Met sulke mense moet julle niks te doen hê nie.”**

Hierdie gedeelte moet ons baie goed verstaan. Dit gaan nooit oor geestelike hoogmoed nie. Jesus Christus het met tollenaars en sondaars omgegaan. Hy het egter nie meegedoen aan hulle sondige praktyke nie, maar Hy het hulle in liefde tereggewys en hulle die nou pad aan hulle verduidelik en gewys met sy optrede.

Ook ons moet die evangelie uitdra deur ons gedrag, deur ons woorde, deur ons liefde, deur ons omgee. Maar as daar nie geluister word nie, as iemand blatant die evangelie verwerp, is dit beter om weg te bly van omhelsing, om eerder die stof van jou voete af te skud. Dit is nie altyd so maklik nie, maar ons moet dit doen sonder om ander te veroordeel, te na te kom, of hoogmoedig te wees.

So het Jesus Christus nie ons as sondaars weggegooi nie maar Sy lewe vir ons afgelê. So het Hy ons nie verlaat nie, maar die Vader gevra om die Heilige Gees vir ons te stuur om in ons te woon en ons te omhels.

Mag ons Jesus Christus altyd omhels.

Mag on sons naaste altyd omhels.

Mag ons die groot gebod altyd nakom: **Mat 22:36-40**

**36** “Meneer,” vra hy, “wat is die grootste gebod in die wet?”

**37** Jesus antwoord hom: “ ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand.

**38** Dit is die grootste en die eerste gebod.

**39** En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’

**40** In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.”

*(Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)*